

# SARS en SAIGR teken memorandum van verstandhouding om die belastinggaarder te bekwaam

**Tshwane, 6 Julie 2021** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Edward Kieswetter, en die hoof uitvoerende beampte van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR), Freeman Nomvalo, het ooreengekom om 'n onderlingvoordelige vennootskap te vorm om die bevoegdheid van SARS te bou.

As deel van die proses van versekering dat SARS die vereiste vaardighede het om sy mandaat vervul, het SARS uitgereik na SAIGR vir hulp om spesialiste aan te stel met belasting en forensiese ervaring om die organisasie te bekwaam deur hulpbronne te mobiliseer vanuit SAIGR se ledebasis.

Die samewerking sal SARS help om die aanvraag vir vaardighede in areas soos gespesialiseerde audit, oordragsprysbepaling, basiserosie en winsverskuiwing, onwettige ekonomie en hoënettowaarde-individue te vul. Ingevolge die memorandum van verstandhouding, sal SAIGR SARS help om talent te identifiseer en aan te stel, gebaseer op ervaring, kwalifikasies en loopbaantrajek in die volgende areas:

1. **Leerlinge:** Studente wat hul onder- en nagraadse universiteitstudies voltooi het, wat opgelei sal word jeens kwalifisering as geoktrooieerde rekenmeesters by SARS;
2. **Onlangs gekwalifiseerde kandidate:** Jong professionele persone wat onlangs gekwalifiseer het as geoktrooieerde rekenmeesters en 'n sterk belangstelling het in belasting en verwante dissiplines, sal die geleentheid hê om hul loopbane af te skop by die belastinggaarder;
3. **Ervare kandidate:** Ervare geoktrooieerde rekenmeesters met gespesialiseerde ervaring in belasting en verwante dissiplines, sal die geleentheid hê om spanne en ondersoeke by SARS te lei of by te staan.

SAIGR sal saam met SARS werk om die verskeie SARS-werksgeleenthede aan sy lede bekend te stel en so SARS help met sy bekwaamheidsoefening gemik op die bou van 'n bekwaame staat

deur 'n meer kragtige en doeltreffende belastinggaarder. Daarby is SAIGR toegewyd tot sy lede se voortgesette ontwikkeling deur voortgesette professionele ontwikkelingsgeleenthede.

**Vir medianavrae, kontak:**

SARS se mediakontak: Anton Fisher by SARSMedia@sars.gov.za, of

SAIGR se mediakontak: Karin Jacobsen by karinj@saica.co.za